Gimmie Griffie

Webtuiste: www.gimmies.co.za

18 Januarie 2019
Uitgawe: 2

GEAGTE OUERS

Baie dankie aan al die gr. 8- en 12-ouers vir u teenwoordigheid tydens die ouervergaderings. Die gr.8-leerders dra vanaf Maandag, 21 Januarie 2019 volle skooldrag. Ons bedank ook al die gr.8-ouers vir hulle geduld en ondersteuning (en die vroeg opstaan).

Sterkte aan al die atlete wat vandag in Meyerton gaan deelneem. Die atlete vertrek reeds om 12:00. Hierdie byeenkoms bied die geleentheid om die span te finaliseer, aangesien die Interhoër reeds op 9 Februarie plaasvind. Die res van die skool gaan normaalweg voort.

Volgende Vrydag, 25 Januarie 2019, bied ons ons jaarlikse Interhuis aan. Ons doen 'n beroep op al die leerders om deel te neem. Let asseblief daarop dat dit 'n gewone skooldag is en dat alle leerders teenwoordig moet wees. Ons versoek dat leerders reeds by om 07:15 by die stadion sal aanmeld. Ons verskaf vervoer vir koshuisleerders en vir ander leerders met vervoerprobleme.

Ouers is reeds verlede jaar in kennis gestel van meriete-korting vir leerders wat presteer het op akademiese-, sport- en kultuurgebied. By gr. 8-leerders word leierskap ook in ag geneem. Daar is ook vorms vir skoolfondsverligting beskikbaar. Vorms vir bogenoemde is by me. Gerda Badenhorst (gerda@gimmies.co.za) verkrygbaar en moet voor einde Januarie by haar ingehandig word.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

DAGBOEK

Dinsdag 22 Januarie
Bloedskenk
SASIMA-opleiding

Woensdag 23 Januarie
Prysuitdeling: skoolsaal

Donderdag 24 Januarie
Kultuuruur: 13:00-14:00
Toneeloudisies

Vrydag 25 Januarie
Atletiek: interhuis

Saterdag 26 Januarie
Landsdiens: Avontuurstap (26/1 tot 27/1)
Krieket: Finsbury (Noordheuwel)

TOETSE

Neem asb kennis dat die geskeduleerde toetse van 25 Januarie na 28 Januarie skuif vanweë die Interhuis wat plaasvind.

PRYSUITDELING

Die prysuitdeling vind op Woensdag, 23 Januarie 2019 plaas. Let daarop dat dit hierdie jaar nie by die NWU plaasvind nie, maar wel in die skoolsaal. Die junior prysuitdeling begin stiptelik om 17:00 en die senior prysuitdeling om 19:00. Leerders en ouers moet asseblief 5 minute voor die aanvang van die funksie reeds hul plekke inneem.

EKSTRAKLAS

Gimmie-personeel bied die volgende gratis ekstraklasse vir ons leerders aan.

Wiskunde (me. A Schoeman)
Gr.8 tot 10 – Maandae, Dinsdae en Donderdae, per afspraak

Wiskunde (me. M Visagie)
Gr.8 en 10 – Dinsdae en Woensdae: 14:00-15:00

Wiskunde (me. N Pienaar)
Gr.9 – Dinsdae: 14:00-15:00

Wiskunde (me. M van Vuuren)
Gr.11 – Maandae: 14:00-15:00

Wiskunde (me. H Boshoff)
Gr.12 – Maandae en Dinsdae: 14:00-15:15
Gr.11 – Woensdae: 14:00-115:15

Wiskunde (me. M de Wet)
Gr.12 – Woensdae: 14:00-15:00

Fisiese wetenskappe (me. A Schoeman)
Gr.10 en 11 – Maandae, Dinsdae en Donderdae, per afspraak

Fisiese wetenskappe (me. H Boshoff)
Gr.12 – Donderdae: 13:30-14:30

Lewenswetenskappe (me. H Smuts)
Gr. 12 – Dinsdae en Woensdae: 17:45-18:45

Rekeningkunde (me. C Pienaar)
Gr. 12 – Dinsdae: 18:00-19:15

IGO (mnr. B Pool)
Gr. 10 en 11: per afspraak

IGO (asook 8ste vak - mnr. J Benson)
Gr. 10 – Donderdae: 17:00-18:00
Gr. 12 – Woensdae: 17:00-18:30

Musiek
Gr. 8 en 9 – voor kwartaaltoetse, gedurende pouse
Gr. 10 – Donderdae: 14:15-15:45
Gr. 11 – Dinsdae: 14:15-15:45
Gr. 12 – Woensdae: 14:15-15:45
Enige ekstra lesse skakel in by agste vakke.

KRIEKET

Gimmies se 1ste- en o/15-krieketspanne het ’n week voor die skole heropen het, op hulle onderskeie kriekettoere gegaan. Hulle het gemengde welslae behaal en waardevolle ondervinding opgedoen.

Die o/15-krieketspan het vanaf 11 – 13 Januarie ook aan die Cornwall Hill-krieketweek deelgeneem. Hulle wen al 3 hulle wedstryde teen Hoërskool Rustenburg, Hoërskool Garsfontein en Cornwall Hill College.

TWEEKAMP

Alle atlete wat belangstel om tweekamp te doen, moet asseblief kennis neem van die volgende kompetisie-datums:

21 Januarie 2019
28 Januarie 2019
4 Februarie 2019
11 Februarie 2019

Die kompetisies vind by ons skoolswembad en by Mooivallei plaas. Vir verdere inligting skakel gerus vir mnr. Hardus Rossouw by 083 629 5653.

TONEELOUDISIES

Graad 8 tot 11
Toneeloudisies vind op Donderdag, 24 Januarie, om 17:00 in die skoolsaal plaas. Vir verdere navrae, gaan na me. Elbie Buys in K 32.

ALGEMEEN

Michelle Hammann het in Oktober 2018 aan die WOW-spelkompetisie deelgeneem. Dit word op kanaal 144 en 145 op Fiësta uitgesaai.

GIMNASTIEK

Tydens die Desember-vakansie het Adelay du Plessis haar talent vir ritmiese gimnastiek ten toon gestel.

Haar uitslae was soos volg:

- Noordwes: 1ste in 3 items en tree as algehele wenner uit
- SA's: Algeheel 2de plek

Baie geluk, Adelay, Gimmies is trots op jou!

SKAAK

Baie geluk aan Dewald Lubbe (gr.8) wat in Desember 2018 aan die Suid-Afrikaanse Junior Skaakkampioenskappe (SAJCC) deelgeneem het. Hy was 'n lid van die Tshwane o/14A-opespan. Hierdie span het die toernooi gewen en was ook die beste o/14-skaakspan in Suid-Afrika.

Wiskunde: Ekstra klasse

Sorg dat u kind nie 'n agterstand kry in wiskunde nie. Ekstra klas vir gr. 8-12. Binne loopafstand van Gimmies. Kontak Andriette van den Berg by 082 568 7273.

Eazy Stitch

Naaldwerk Akademie

License to Sew - Kursus aangebied vir Graad 8-11

Kursus is volledig en uitgewerk deur 'n gekwalifiseerde huishoudkundige

Tyd: Donderdae 14:00 – 16:00

Eerste les: 24 Januarie

Sluitingdatum vir aansoek: 21 Januarie

Kontak: Carina 083 567 1702